

Beste Ruiters

Hierdie is vir my 'n baie geskiedkundige geleentheid! Met Ruit 141 het ek in die 22 jaar wat ek die Ruit behartig, dieselfde aantal Ruite opgestel as al my voorgangers saam! Wat 'n voorreg!

Die interessante met al die Ruite wat ek opgestel het (dié wat leidrade het) is dat ek nog nie 1% van die woorde van die Bybel gebruik het nie! Dit beteken dat as ek alles wil gebruik, dit nog meer as 2000 jaar gaan neem...

Verlede jaar se inskrywings:

- Vooraf wil ek vertel van drie rampte:
 - Twee keer in twee maande het ek totale oppak van my rekenaar gehad: tydens die sinode het die weerlig die huis getref – en ons was nie eens tuis nie. Daarna het 'n ander fout ingesluip en weereens het ek baie werk verloor;
 - Posstakings.
 - My verstrooidheid.
- As u naam nie verskyn nie, is dit waarskynlik hierdie drie rampe wat 'n rol gespeel het. Ek sal nooit iemand se naam doelbewus nie publiseer as ek die Ruit ontvang het nie.
- Daar was 'n paar taai leidrade! Ek het 'n hele paar opmerkings op die inskrywings gekry, sommige is nie ingevul nie. Kyk maar mooi na die oplossing – daar sal u sien waar ek wat gekry het.
- Ek wil ook vertel van drie groepsinskrywings – elk met 'n unieke naam, maar met presies dieselfde doel: om saam die Ruit in te vul. Akasia noem hulle groep 'n Ruitdiensgroep; Wesrand 'n Kuiergroep en Reitz 'n Bybelstudiegroep. Wat 'n pragtige idee om gelowiges saam om die Bybel te sien!
- Natuurlik was daar ook weer twee inskrywings wat pragtig voltooi en oorgeskryf is, maar sonder 'n naam by!
- Dankie vir al die geselsbriefies en telefoonoproepe. 'n Hele paar Ruiters skakel my met 'n sug! Moeg gesoek: “Dominee – help my! Waar kry ek daardie antwoord? Ek het deur al die profete gelees!”

Hierdie jaar se Ruite:

- Ruit 137 het ek so opgestel dat u dit uit enige vertaling kan invul: 1933/53; 1983 of die nuwe Direkte Vertaling. Lees maar Galasiërs deeglik deur.
- Dan is daar soos altyd twee maklike en twee moeilike Ruite: in elk van die vertalings een met teksverse waar u die regte woord in die vers moet soek, en twee tradisionele Ruite met leidrade. Kyk maar na die wenk by Ruit 139 – ander gaan die baie moeilik raak!
- Weereens dankie aan Betsie en Spotty wat gehelp het met die proeflees. Ons probeer maar die foutjies tot die minimum beperk.

Ek het opgegee om te probeer raai wie ooms en wie tannies is – ek raai telkens verkeerd! Onthou – as u 80 en ouer is wil ek graag u ouderdom vermeld.

'n Ander vraag wat ek dikwels kry, is: hoe moet ons die antwoorde instuur? Kom ek antwoord dit só:

- Vrae, antwoorde en blok: Goed
- Net antwoorde: beter
- Antwoorde en blok: beste!

Dit maak nie saak hoeveel u instuur nie – een is ook goed genoeg! Stuur dit net in, asseblief! 'n Laaste sakinie: As u 'n selfoonnommer op u inskrywing sit, sal ek 'n sms stuur om te bevestig dat ek dit ontvang het. Dis amper noodsaaklik wanneer u dit faks. Die probleem is dat as

faksmasjiene met mekaar praat, is dit boodskappe nie baie duidelik nie. Een Inskrywing is 5 keer na my gefaks, 'n ander drie keer. Rede: die sender se faksmasjien het nie my faks gehoor wat gesê het hy het die faks ontvang nie. Ek kan u dan skakel / sms om te sê dat dit faks deurgekom het.

Onthou dat daar elke maand 'n Blokkiesraaisel in die Slingervel verskyn – baie makliker as die Ruite, maar ek dink tog leersaam.

Genoeg geklets. Sterkte met die rondblaai in die Bybel, en ek hoop dat u soveel mooi waarhede raaklees as wat ek raakgelees het met die opstel van die Ruite.

U Ruitherder

Dominee Hennie

Stuur u inskrywings in na:

ruit@gksa.co.za

of

Faks na 053-433-0563 of 0866008070

of

Posbus 88, Bloemhof, 2660